

Hier staan ons voor die Heilige God van hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat, as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring; en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee.

Skriflesing: Numeri 13:26-33; 14:19-24

Teks: **Numeri 13:30-31; 33**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 116:8, 9

TYDENS EREDIENS: Ps.48:4,5; Ps.31:12,13; Ps.89:6,13

Numeri 13:26-33

Num 13:26 Die verkenners het toe by Moses en Aäron en die hele vergadering van die Israëliete by Kades in die Paranwoestyn aangekom. Daar het hulle aan Moses-hulle en aan die hele vergadering verslag gedoen en vir hulle die vrugte van die land gewys.

Num 13:27 Hulle het aan Moses gerapporteer en gesê: "Ons het in die land gekom waarheen u ons gestuur het. Dit loop oor van melk en heuning, en hier is van sy vrugte.

Num 13:28 Maar die mense wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot. Ons het ook die nasate van Enak daar gesien.

Num 13:29 Die Amalekiete woon in die Suidland, die Hetiete, Jebusiete en Amoriete in die Bergwêreld, en die Kanaäniete by die see en langs die Jordaan."

Num 13:30 Kaleb het egter die manne wat met Moses praat, stilgemaak en gesê: "Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kán dit doen."

Num 13:31 Maar die manne wat saam met hom gegaan het, het gesê: "Nee, ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons."

Num 13:32 Die manne het toe 'n slegte gerug onder die Israëliete versprei oor die land wat hulle verken het. Hulle het gesê: "Die land wat ons gaan verken het, is 'n land wat die lewe vir sy inwoners onmoontlik maak, en die mense wat ons daarin gesien het, is almal baie groot.

Num 13:33 Ons het daar ook die reuse gesien. Die Enakiete stam van hulle af. **Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë."**

Numeri 14:19-24

Num 14:19 Vergewe dan tog die sonde van hierdie volk in u groot liefde, soos U hulle van Egipte af tot hiertoe vergewe het!"

Num 14:20 Toe het die Here geantwoord: "Ek vergewe hulle, soos jy gevra het.

Num 14:21 Nogtans, so seker as Ek leef en die hele aarde vol sal word van my magtige teenwoordigheid,

Num 14:22 nie een van die manne wat my mag en die wonders wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, gesien het, en wat My nou oor en oor getart het en nie na my woorde geluister het nie,

Num 14:23 sal die land wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het, sien nie. Nie een van hulle wat My geminag het, sal die land sien nie.

Num 14:24 Maar omdat my dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit.

Skriflesing: Numeri 13:26-33; 14:19-24

Teks: **Numeri 13:30-31; 33**

Sing- VOORAF SANG: Ps. 116:8, 9

TYDENS EREDIENS: Ps.48:4,5; Ps.31:12,13; Ps.89:6,13

Wanneer ons Numeri lees, dan sit in die naam Numeri die gedagte van nommers, "numbers", dit gaan om getalle. In die Grieks het die boek Numeri 'n ander naam, genoem *Arithmoi* – om in die woestyn te wees, in die wildernis te wees. Hulle is in die woestyn i.p.v. in die beloofde

land. Dit is ook 'n ander groot werklikheid in die Numeri-boek. Tog as ons bly by die naam Numeri dan besef ons nommers speel werklik 'n belangrike deel van die boek. In die boek lees ons baie van getalle. Op 16 Desember 1838 het die werklikheid van getalle ook 'n groot rol gespeel, terwyl ons voorouers ook *Arithmoi* gevoel het, ons voel ons is in die wildernis. Natal is alles behalwe die beloofde land, al het hulle dalk aanvanklik so gedink ...

Op 28 Nov. 1838 het die Voortrekkers op die pas gestigte Pietermaritzburg vir Andries Pretorius tot Hoofkommandant verkies. Die Voortrekkers het die koms van Pretorius as die verhoring van talle gebede beskou. Ons weet die Voortrekkers het op baie terreine die hand van die Here raakgesien. Daar bestaan ook bewyse dat die Voortrekkers 'n analogie getrek het tussen die koms van Pretorius wat teen Dingaan moes uittrek en Moses wie die volk Israel in die beloofde land moes inlei. Van ons gelowige voorouers het dikwels die Ou Testament analogies verstaan en uitgelê.

As ons 'n analogie moet trek tussen Numeri wat baie met getalle werk en ons kyk na die getalle wat op 16 Des. 1838 by Bloedrivier ter sprake kom dan lees ons daar was 486 Boeremans, 3 Engelse, 60 mak swartes en dan ook 'n onbekende getal Kleurlinge wat hoofsaaklik as wadrywers diens gedoen het. Daar word gepraat van daar was so 57 waens en omtrent 'n 1000 osse kom ter sprake. Ja, wie rondom getalle dink moet ook besef hoeveel Zoeloes op daardie Sondag-oggend teen die Voortrekkers opgeruk het word baie bespiegel. Daar is bronne wat beweer die Zoeloemag was tussen 15 000 tot 30 000 man sterk. Ja, na die oorwinning by Bloedrivier was die verliese aan die kant van die Zoeloes baie groot. Omtrent 3500 van hulle mense is daardie Sondag gedood. 'n Groot getal gesneuweldes gemeet aan wat daardie Sondag gebeur het, ja minder as 500 mans het omtrent 3500 Zoeloes gedood.

Latere getuienis beweer dat daar eintlik 10 000 Zoeloes na hierdie slag gesterf het. Dis wel moontlik as die getal gewondes aan die Zoeloekant bygetel moet word want daar is 'n baie groot getal Zoeloes verwond daardie Sondag van die vegterrein weggeneem. Ons kan aanvaar dat baie van die gewondes dan ook later sou sterf wat die bewering nie ongegrond maak toe 'n Zoelkryger later self beweer het aan hulle kant het daar omtrent 10 000 gesterf.

Aan die Boerekant daardie Sondag was daar geen sterfgeval nie, daar was net ligte beserings, insluitende Pretorius wat aan sy hand gewond was. Wie net na die aspek van getalle na die gebeure op 16 Des 1838 kyk dan is dit onmoontlik om die uitslag maar as Boerevernuf en mensevaardigheid te beskou. Die feit dat God gewerk het en die oorwinning op so 'n besondere wyse kon geskied is 'n goddelike wonder gedra deur God se genade.

Ons het by Bloedrivier te make met mense wat beslis nie gely het aan die sprinkaankompleks nie. Ja, ons as by vandag se viering van Geloftedag oor die sprinkaankompleks 'n vergelyking moet maak dan besef ons dit is iets wat die gelowige so maklik kan oorkom. Die mens wat net met feite wil werk en nie wil glo dat God se hand groot wonders kan doen nie. Dis die mens wat ook moeilik raaksien dat hierdie hand van God al in die verlede ook baie groot wonders gedoen het, waarvan die slag by Bloedrivier maar een voorbeeld is!

As ons na die sprinkaankompleks kyk dan is dit iets van waarmee Numeri 13 ook afsluit- *Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë.* Laat ons by vandag se Geloftedag hierdie sprinkaankompleks benader deur eerste te kyk wat doen die sprinkaankompleks aan 'n groot deel van God se volk. Tweedens wat is moontlik die oorsake van die sprinkaankompleks in my eie lewe, maar wat kan die sprinkaankompleks ook nou in ons volk se lewe wees. Laastens wat dit beteken om van hierdie kompleks bevry en verlos te mag wees.

Die sprinkaankompleks by hulle wat God se volk is

Die Here se volk terwyl hulle nog in die Kades-woestyn was, het hulle al nader aan die beloofde land gekom. So is daar toe twaalf verkenners uitgestuur om die land wat al so lank aan hulle belowe was te verken. Ons moet aanvaar dat hierdie verkenners sou mense wees uit die leierkorps van Israel, mense wat ander met eer en aansien sou respekteer. En hulle opdrag is eenvoudig om te gaan verken of die land werklik so goed is en of ons die land sal kan inneem? So het hulle gegaan, die stede en die inwoners was op hulle verkenning goed na gekyk, baie goed, geen feit of stukkie inligting van belang sou hulle wou miskyk nie. Sulke

dinge moet mos na gekyk word, of iets gedoen kan word en of dit nie gedoen kan word nie. Gebruik jou gesonde verstand sal party ander mense sê.

En so kom hierdie twaalf manne terug, hulle verslae of hulle rapporte is gereed, maar wat dadelik opval- daar is twee rapporte! 'n Meerderheidsrapport en 'n minderheidsrapport. Vers 31 is die meerderheid 10 van die 12 manne is eenstemming- "*Nee, ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons.*" Dit direk teenoor vers 30 se minderheidsrapport- net twee- Josua en Kaleb tussen hulle wat werklik die oorgrote meerderheid lyk te wees kan ons hoor- *Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kán dit doen.* Hoe is dit moontlik. Dit is tog twaalf manne wat heelyd saam was, hulle was saam daar, hulle het dit wat werklik mooi is, saam raakgesien, hoe mooi en vrugbaar die land is, druiwetrosse waarby die krag van een mens nie genoeg was om dit te dra nie, en tog het hulle saam van kragtige mense kon getuig. Kinders van Enak, wat reusagtige groot mense was het hulle saam opgeval, en ja reuse mense in reuse groot stede, alles lyk mooi, goed ontwikkel, die vrugbaarheid vra om na gekyk te word, maar die vraag tussen hierdie kringetjie van twaalf was, hoe kyk jy na dit wat ons saam na kyk.

So kyk ons vandag ook saam na die gebeure aan die kant van die Ncomerivier. Ons sien in die geestesoog die D-vormige laer daar saamgetrek. 57 waens het ons al vroeër gesê. 1000 osse binne die laer saamgevoeg. Beeste wat om een of ander rede kalm gebly het, want as 'n bees wil uitbreek, dan breek hy uit. Hoekom is hierdie osse so kalm.

Veghekke is tussen die waens reeds ingevoeg. Dit wat moes help om die beeste in te hou en die vyand uit te hou... Die Saterdag 15 Desember was die Voortrekkers op die oog af slag gereed. Hoeveel sou maar ook so klein soos 'n sprinkantjie daardie aand gevoel het. 460 manne teen 15 000. 1 boer teen omtrent 33 Zoeloes. Meer ongelyk kan die oorlogsveld eintlik nie wees nie as ek 1 mens nou teen amper 33 ander moet opstaan ... Die aand het die klompie boere nog weer godsdiens gehou. Die Gelofte is vir die laaste keer in die aandebed van God afgesmeek. 'n Gebed wat na alle waarskynlikheid elke aand vanaf 7 Desember herhaal is. Die eerste keer by Danskraal gebid. Ander historici het dit dat dit op 9 Desember

by Waschbankspruit die eerste keer gebid is. Die plek, die effense verskil in bewoording het nie aan die drakrag en daadkrag van die Gelofte enige verskil kon maak nie. Alles gaan om die voorsienigheid van God. Dit bly opvallend ... Die voorsienigheid van God kan selfs in die gedrag van die beeste gesien word. Die Sondag toe die skote klap en dis vuur op vuur was die beeste nie 'n probleem nie!

Die vraag bly as die sprinkaankompleks hierdie klompie boere moes oorweldig soos God se volk van ouds daardeur oorweldig was, dan was baie van ons vandag nie hier gewees nie. Mense wat hulle teen die oormag en die reusagtigheid van ander mense vasstaar kan in die geloof nie ver kom nie. Net Josua, net Kaleb het anders hierna gekyk. Die ander kyk demokraties en ons weet demokrasie kan nogal kleingeloof kweek! Een kant stem al twaalf verkenners saam die land is mooi, die duiwe is swaar, die grond is pragtig, die stede is goed, maar wat daarvan as dit wat vir my die werklikheid lyk te wees, groter word as dit wat my geloof is. Om groterige mense, reuse, toe te laat om die geloof te verdwerg of te verberg. Wat dan?

'n Verdwergde geloof, word eintlik maar gou 'n verbergde geloof. Hoe kan dit gebeur? Broeder en suster, dit is 'n geloof vraag. Wanneer jy sê jy wel glo, maar jy nie werklik meer in alle opsigte en ten alle tye met God rekening hou nie. Al sê jy wel jy glo, maar eintlik is jy sekere tye in jou benadering tot dit wat feite lyk te wees eintlik besig om geloof bietjie agtertoe te skuif. En dan kom jy by heeltemal ander gevolgtrekkings uit as die persoon net langs jou, want jou benadering was anders, en dit maak jou konklusie heel anders! Vir die grootste deel van daardie twaalf manne was dit eenvoudig 'n feit as ons hierin gaan, soek ons, ons dood! Hulle bring nie God se beloftes in berekening nie, en dit wat hulle dan beoordeel sal dan ook los van God staan. En kan God en sy Woord, God en sy beloftes nooit van mekaar skei nie. Ons mag dit nie doen nie, al kan ons dit dalk doen!

Vir ons almal geld dieselfde vraag wat God se kinders daar in die sand van die woestyn van Kades vasgekeer het! Is ek bereid om vanuit God se verbond na my en my vrou en my kinders en my volk en my land en my omstandighede en ons toekoms na te kyk, of kyk ek

healtyd met my feite, dit wat vir my lyk die werklikheid te wees. Anders gestel- Kyk ek sonder God of met God na die toekoms? Of is ek vasgekeer in my eie ongeloof wat baie met die sprinkaankompleks in gemeen het? Of is die geloof wat daar op daardie stadium gelyk het net in twee van hierdie leiers teenwoordig was ook my geloof. Dit wat ons tweede saak vandag is:

Die oorsake van die sprinkaankompleks in ons eie lewens:

Die gevare en oorsake van die sprinkaankompleks slaan wyd en diep. Dit maak dat daar te veel mense is, ook in ons tyd wat altyd ander ook in die komplekse situasie wil intrek. Dit het 'n geneigdheid om die oomblik as jy jou kop wil optel dit weer af te druk grond toe. Dit veroorsaak natuurlik ook 'n reeks van allerhande vrese wat alles behalwe jou help om nie ook slegte gerugte te versprei nie. En sulke slegte gerugte sal al hoe meer mense grond toe aftrek.

En wanneer daar na oorsake van hierdie toestand gesoek moet word- soos hierdie leiers wat sê ... *Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë.*" Die baie belangrike vraag vandag is – Hoe is jou kyk na die verlede ... Daar lê dalk baie keer die eerste oorsaak van hierdie “sprinkaansiekte”! Mense wat verkeerd na die verlede kyk is geneig om net die slegte en die negatiewe kante te wil onthou. Die Israeliete het die bitter water van Mara makliker onthou en makliker daarvoor gepraat as om werklik dit ook genoeg te beklemtoon, dat God het vir ons manna en kwartels in die woestyn gegee. Wie hierdie pessimistiese snaar bly tokkel kan moeilik toekoms musiek ook maak.

Die 2^{de} direkte oorsaak van hierdie “sprinkaan toestand” is definitief ook mense wat swartgallig is en bang is vir die toekoms. As ek oor die toekoms healtyd net negatief gaan dink dan sal jy mos onmoontlik vaste lewensideale kan nastreef. Baie van hierdie mense is hulle wat hulle kinders ook so negatief beïnvloed. Om kinders te laat verstaan asof daar geen toekoms meer in die land kan wees nie. Wie dit sê, moet dalk weer mooi daarvoor begin nadink. Dit is alleen God wat die toekoms vashou. Niemand anders nie. Om te sê jy het nie 'n toekoms hier nie, is werklik om jou kind van God los te maak, so ernstig so gevaarlik is dit!

Die feit dat Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus ons goed wil laat verstaan dat alle skepsele so in God se *hand is dat hulle teen God se wil hulle nie kan roer of beweeg nie*, moet dalk eerder die belydenis wees waarom ons na ons kinders kom. Dan werk jy tog met dinge wat vas en seker is. 'n Vaste vertrouwe wat dan op God Self gestel word, want God is ons Vader. Hy weet van al die dinge wat oor ons kom, of dit sleg is, wees in teëspoed geduldig, wanneer dit met ons goed gaan, en dit gaan met die meeste van ons goed, is u werklik dankbaar daarvoor, of praat u allerhande ander dinge dat daar nie na u dankbaarheid gekyk kan word nie?! Op die einde het die sprinkaankompleks geen oog en geen begrip vir wat in Sondag 10 ook gesien word as *die almagtig en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede, en alle dinge, nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom*. Selfs die toekomstige dinge, dinge wat nog oor my en jou moet kom, ons weet nie wat dit alles kan wees nie, selfs hierin moet jy in 'n vaste vertrouwe jou na God wend en besef dat daar werklik niks is wat jou van God en sy liefde sal kan skei nie. Ons moet dit duideliker besef, meermale ook weer hoor, om die sprinkaan spronge van ons gedagtes nie die laaste sê te gee en met ons te laat wegspring nie!

Want die sprinkaankompleks het buiten hierdie verkeerde kyk na die verlede en die verkeerde gang na die toekoms, ook 'n 3^{de} verkeerde kant, die skewe beeld wat ons baie keer oor onself koester. Tien van die twaalf verspieders het vas geglo soos wat hulle na hulleself kyk, as sprinkane so is ons ook in daardie se oë... *Ons was soos sprinkane in ons eie oë ...* Dit is presies die fout wat 'n mens dan maak. Hulle dink dat ander mense hulle sien soos wat hulle oor hulself voel. Jou selfbeeld en God se beeld word al in die begin van die Bybel aan mekaar gebind. Om na die beeld van God geskape te wees wil jou alles behalwe soos 'n sprinkaan in hierdie lewe laat lyk. Moet dan ook nie dink dat jy vir ander 'n sprinkaan is, as jy in werklikheid God se kind is nie.

Want ongelukkig het die sprinkaankompleks definitief ook 'n baie duidelik 4^{de} oorsaak, en dit sou eintlik ook die eerste oorsaak genoem kon word. Die verkeerde beeld wat jy vir jouself van God skep. Dit wat daar in die Kades-woestyn gebeur, laat dit lyk en klink asof die oorgrote meerderheid hulleself nie meer sien as kinders van God met wie God tog 'n besondere verbond met hulle opgerig het. Hulle vergeet God se verbond en dan sal jy baie gou eintlik vir God self vergeet, of jy maak of jy Hom nie wil vergeet nie, maar jy laat Hom tog maar in al hoe meer gevalle buite rekening. Wanneer dit gaan oor ons versorging, of ons beskerming of as dit gaan oor baie belangrike besluite wat ek moet neem, moet u, uself dalk maar weer afvra, hoor en sien die mense die naaste aan my dat die verbond van God nog 'n rol by my speel in my benadering van die werklikhede van elke dag. Daardie klompie Voortrekkers het juis vanuit hulle verbondsbeskouing die Gelofte afgelê. Die Gelofte is in alles in die verbond van God ingebed. Dit is reeds ons laaste gedagte vandag:

Dit gaan om van die sprinkaankompleks bevry en verlos te mag wees-

Dit wat ons kinders sien en hoor, besef u werklik die deurslaggewende betekenis daarvan in die res van hulle lewe. Ons sal ook in hierdie laaste gedagte moet besef al hierdie oorsake van die sprinkaankompleks loop op een enkele saamtrepunt uit- hoe ek nie net teenoor die verlede, of die toekoms, of myself, of selfs teenoor die God wat in die hemel is, myself uitdruk nie, maar wat van die God wat hier op die aarde was, en nou deur sy Gees hier is- Jesus Christus! Om God werklik te ken, kan ek nie anders as om Hom deur Jesus Christus te ken nie. Selfs hulle wat in die Ou Testament daar in die woestyn maar eerder agter die duine wou bly wegkruip eerder as om waarlik kans te sien om die land van melk en heuning in te gaan, hulle laat vir Jesus Christus buite rekening!

Wanneer jy nie vir Christus ken nie, dan gebeur wat daar in die woestyn ook gebeur het. Jou feite het jy dalk reg, ek sien reusagtige mense, ek sien 'n land wat lyk ons sal dit nie kan inneem nie, maar jou werk met hierdie feite, die benadering rondom hierdie feite maak dat jy dink ek kan nie doen dit wat God regtig aan my belowe het, of dit wat God werklik van my verwag nie. Laat ons vandag Geloftedag vier, bevry van die sprinkaankompleks van ek voel in my eie oë maar 'n sprinkaan en so is ek ook in die ander se oë.

Mag ons volk wat op so baie wyses al verguis is en daar gemaak word of ons net die slegste is wat daar nog kon wees. Laat ons as Afrikaners nie toelaat dat in ons volksbestaan die sprinkaankompleks oor ons kom nie. Dit kan so maklik gebeur en het al so baie gebeur. Ons gedagtes en ingesteldheid moet anders wees as die 10 verspieders wat op geen manier kon dink om die beloofde land in te gaan nie. Dit het alles behalwe met hulle en hulle aanhang goed gegaan. Die hele spul is in daardie woestynsand begrawe, soos wat Numeri 14 dit verder verhaal. Hulle het 'n eenvoudige woord, 'n eenvoudige belofte van God nie hulle eie wou maak nie. Hulle feite het vir hulle swaarder gewees as dit wat God se Woord is. By Bloedrivier lees ons vandag presies die teenoorgestelde wanneer geloof swaarder weeg as sy feite, dan besef ons die wonder aan die walle van die Ncome rivier dat sy water later so gekleur geraak het dat mense begin praat het van Bloedrivier. Die oorwinning is daarin afgeteken soos wat die ware gelowige alleen ook net in die bloed van Christus kan oorwin. Bloedrivier kan nie gevier word sonder die kronkelgang en kruisgang na Golgota nie.

In alle geval is dit maar heeltyd net een van twee dinge, die bietjie wat gesê het- ons kan, teenoor hulle wat gesê het- ons kan nie- dit het tweërlei konklusies, tweërlei afloop gehad, tweërlei einde- dié wat die land ingegaan het, dié wat dit nie ingegaan het nie. Om nou hier weg te gaan, is om die sprinkaankompleks wat jou dalk ook reeds vasgevang het, anders na te kyk- aanvaar jouself soos die Here jou gemaak het, dan kyk jy heeltemal anders ook na dit wat God se beloftes vir jou is, en jy sal soos Paulus twee dinge van jouself vir jouself kan sê- *want as ek swak is, is ek sterk-* In hierdie opsig het Paulus se krag gelê nie in 'n sprinkaankompleks nie, maar hy het erken dat 'n mens in jouself nietig is, (dit geld vir alle mense!) die nietigheid is baie dae hard en duidelik, en tog het hy dit ook van homself gesê- *ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee ...* Op Bloedrivier het hierdie krag in Christus geseëvier met die volle wete daar sal ook weer nederlae in ons lewe kan kom. Tog mag ons bly bid bewaar ons van die sprinkaankompleks.

AMEN